RAADSBELEID

ONDERWERP : UITREIK VAN PERSVERKLARINGS EN MEDIABERIGTE DEUR DIE MEDIAKOMITEE

VERWYSING : 10.1.1

BESLUIT NR : 18/04/2003 DATUM : 29 April 2003

BELEIDSOOGMERK : Om die uitreiking van persverklarings te orden.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad moet verseker dat sy persverklarings en mediaskakeling ordelik, deursigtig en feitelik korrek moet wees.

RIGLYNE
1. Feitelike inligting oor Raadsbeleide, -besluite en -werksaamhede wat betrekking het op ‘n bepaalde Direktoraat, moet deur die betrokke Direkteur uitgereik word, met ‘n afskrif aan die Munisipale Bestuurder.

2. Berigte wat die prestasies en vordering van die Raad weerspieël, moet aan die Mediakomitee deurgegee word.

3. Persverklarings word alleenlik deur die Mediakomitee uitgereik.

4. Inligting op die nuusbrief/webblad of ander elektroniese media moet op datum gehou word.

5. Die uitreiking van die maandelikse nuusbrief word deur die Mediakomitee gedoen.

PROSEDURE
1. Die Direkteur van ‘n spesifieke Direktoraat of sy/haar gedelegeerde, kan op versoek of op eie inisiatief feitlike inligting oor hul spesifieke departement opstel en dit deurgee aan die Skakelbeampte vir voorlegging aan die Mediakomitee.

2. Die Mediakomitee vergader soos nodig, maar ten minste twee keer per maand, om persverklarings/nuusbriewe te bespreek en te redigeer.

3. Nadat regstellings gedoen is, word die persverklarings/nuusbriewe aan die Muninsipale Bestuurder of sy/haar gedelegeerde voorgelê, ten einde te verseker dat die regstellings aangebring is.

4. Die Skakelbeampte sal die goedgekeurde persverklarings/nuusbriewe laat publiseer.

5. Die goedgekeurde persverklarings/berigte word deurgegee vir opname in die webblad.

ROLLE
1. Die Mediakomitee, bestaande uit die Burgemeester, Speaker, Munisipale Bestuurder en Skakelbeampte.
2. Die Direkteur of sy/haar gedelegeerdes.

VERWANTE BELEID
Geen.

HERROEPING/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband, herroep word.